- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Preke
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Bekendstellingsvideo
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel
- Registreer vir epos
- Search

# Hoofstuk van die dag: Spreuke 21

> *Wie na reg en liefde strewe, aan hom word ’n vol lewe en eer geskenk. (vers 21)*

Liewe Jemen

Ek is dankbaar dat jy jou groot probleem baie eerlik met my gedeel het, en ek wil graag net so eerlik soos jy antwoord. Ek hoop net hierdie brief is nie te laat nie!

Laat ek maar só begin: ek kan baie goed verstaan dat prins Ismael in jou geïnteresseerd is. Jy is immers 'n baie mooi vrou, en intelligent daarby. Ek sê dit nie om jou te vlei nie; jy weet mos dis waar. Om die waarheid te sê, ek moes myself al meermale herinner dat jy 'n getroude vrou is, anders het ek ook toenadering tot jou gesoek! Maar dit is die punt. Jy is 'n getroude vrou, en nie beskikbaar vir sulke avonture nie, hoe opwindend dit ook al mag lyk. Want die opwinding gaan oor, en dan sit jy met die pyn van selfverwyt en skuld teenoor God en Abimeleg. Dis nou as Abimeleg nie uitvind nie. En as hy uitvind, wat dan?

Nee, Jemen, sulke avonture is net nooit die moeite werd nie. En dit is natuurlik sonde.

Ek weet jy het nie daarvoor gesoek nie. Maar jy kán keer dat daar iets van kom. Jy kan nie keer dat daar 'n voël oor jou kop vlieg nie, maar jy gaan beslis nie toelaat dat hy in jou hare nesskop nie! Jy is nie die magtelose slagoffer van hierdie verhouding nie, Jemen. Jy kan, nee, jy móét dit beëindig. Ter wille van jouself, en Abimeleg, en Adoniram, en God! Asseblief.

Ek bid dat die Here vir jou die krag sal gee om sterk te wees.

Salomo ben Dawid

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026